**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**12 November 2019**

**Beleggers verkies steeds rentedraende bo aandeleportefeuljes**

Suid-Afrikaanse beleggers het in die derde kwartaal van vanjaar R48 miljard in die plaaslike Kollektiewe Beleggingskemabedryf (KBS-bedryf) belê, wat die totale netto invloei vir die 12 maande tot einde September 2019 op R137 miljard te staan bring.

Luidens statistieke vir die kwartaal en jaar geëindig September 2019 wat vandag deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) uitgereik is, het die plaaslike KBS-bedryf R2 400 miljard in bates onder bestuur gehou wat oor 1 592 portefeuljes versprei is.

Net minder as die helfte van die bates is in Suid-Afrikaanse (SA) multibateportefeuljes gehou (49%), met die res in SA rentedraende portefeuljes (30%), SA aandeleportefeuljes (18%) en SA eiendomsportefeuljes (3%).

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur by ASISA, sê beleggers het die afgelope drie jaar 'n duidelike voorkeur vir rentedraende bo aandeleportefeuljes getoon, 'n neiging wat in die derde kwartaal voortgeduur het.

Volgens Mulder is dit nie verbasend nie aangesien SA rentedraende korttermynportefeuljes en SA rentedraende geldmarkportefeuljes die beste gevaar het oor sowel die een- as die vyfjaartydperke tot einde September 2019. Oor die 10- en 20-jaartydperke het SA algemene aandeleportefeuljes en SA multibate hoë aandeleportefeuljes egter die rentedraende portefeuljes geklop.

SA rentedraende portefeuljes (korttermyn en veranderlike termyn) het die grootste gedeelte van die netto jaarlikse invloei gelok (R55.2 miljard), gevolg deur SA multibate-inkomsteportefeuljes (R51.6 miljard) en geldmarkportefeuljes (R32.4 miljard).

Mulder sê dit is interessant dat SA multibate hoë aandeleportefeuljes netto jaarlikse invloeie van R8.2 miljard gelok het terwyl SA algemene aandeleportefeuljes 'n netto jaarlikse uitvloei van R3.8 miljard aangeteken het. "Dit kan daarop dui dat beleggers op soek is na bykomende diversifikasie van die onbestendige toestande wat in die aandelemarkte ervaar word," verduidelik Mulder.

**Waar het die invloeie vandaan gekom?**

Mulder sê 27% van die invloei in die KBS-bedryf oor die 12 maande tot einde September 2019 het regstreeks van beleggers gekom. Dit beteken egter nie dié beleggers het sonder advies opgetree nie. "Ons vermoed talle regstreekse beleggers betaal vir advies en implementeer dan self die keuse van watter portefeulje om in te belê," verduidelik Mulder.

Tussengangers was vir 34% van nuwe invloeie verantwoordelik. Diensverskaffers van gekoppelde beleggings (Lisps) het 21% van verkope voortgebring terwyl institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse 18% bygedra het.

**Buitelandse fokus**

Plaaslik geregistreerde buitelandse portefeuljes wat ASISA van inligting voorsien het aan die einde van September 2019 bates onder bestuur ter waarde van R493 miljard gehou, ’n styging teenoor die R473 miljard van die vorige kwartaal. Dié buitelandse portefeuljes het ’n netto uitvloei van R9.8 miljard in die kwartaal tot einde September 2019 aangeteken.

Buitelandsevaluta-portefeuljes is gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Slegs portefeuljes wat by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) geregistreer is kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word. Plaaslike beleggers wat in hierdie portefeuljes wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal hulle toegelate buitelandse kapitaal gebruik.

Daar is tans 489 fondse wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer is in Suid-Afrika te koop.

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens:**
Sunette Mulder
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, kollektiewe beleggingskema-bestuursmaatskappye, gekoppelde belegging-diensverskaffers, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.*